


Werk met paragrawe en volgorde

Gebaseer op die storie *Jesus ry op 'n donkie*

Hier is vier prente, elkeen langs 'n deel van die storie. Knip die vier dele uit en plak dit in die regte volgorde in jou boek. Kleur die prente in. Lees dan die storie vir 'n maat.



En die wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê, 'Hosanna!'


'Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!'

'Geseënd is die koninkryk wat kom in die naam van die Here, die koninkryk van ons vader Dawid!'


'Hosanna in die hoogste hemele!'



En hulle het die vul na Jesus gebring en hulle klere daarop gelê, en Hy het op hom gaan sit. Toe gooi baie mense hulle klere op die pad oop, en ander kap takke van die bome af en strooi dit op die pad.



En hulle het gegaan en die vul by die deur buite op die straat vasgemaak gevind en hom losgemaak. Daarop sê sommige van die wat daar staan vir hulle, 'Wat maak julle deur die vul los te maak?' En hulle antwoord soos Jesus beveel het. Toe laat hulle hul begaan.



En toe hulle naby Jerusalem kom stuur Jesus twee van sy dissipels uit en sê vir hulle, 'Gaan na die dorp reg voor julle, en sodra julle daar inkom sal julle 'n eselsvul vind wat vasgemaak is waarop geen mens nog gesit het nie. Maak hom los en bring hom. En as iemand vir julle sê, 'Waarom doen julle dit?' moet julle antwoord, 'Die Here het hom nodig en hy sal hom dadelik hierheen stuur.'